

## FOR ANIMAL USE ONLY

### BOVILIS® S

Reg. No. G3763 (Act 36/1947)

Namibia Reg. No. V07/24.4/375 NS0



### INDICATIONS

An aid in the control of cattle salmonellosis and calf paratyphoid caused by *Salmonella dublin* and *Salmonella typhimurium*. After natural challenge with *Salmonella*, vaccinated animals may develop mild disease but do not shed the organisms.

### COMPOSITION

**Bovilis® S** is a bivalent, killed, whole cell vaccine containing *Salmonella dublin* and *Salmonella typhimurium* antigens. Each 1 mL contains a minimum of  $5 \times 10^8$  organisms of inactivated *Salmonella dublin* and  $5 \times 10^8$  organisms of inactivated *Salmonella typhimurium* with 0,1 mg thiomersal as a preservative.

### STORAGE

- Store between 2 °C and 8 °C.
- Do not freeze. **Discard if previously frozen.**
- Protect from light.

### WARNINGS

- **Withdrawal period:** Nil
- For subcutaneous injection only.
- Avoid injection of animals during wet weather or under dusty conditions.
- Accidental self-injection may lead to severe local allergic reactions. Clean the area with a suitable disinfectant and seek medical advice.
- Part used containers should be disposed of at the end of each day's operation since under field conditions it may be difficult to avoid accidental contamination of the vaccine.
- Destroy any unused vaccine, empty vaccine containers and disposable vaccination equipment according to local waste disposal regulations.
- **KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN, UNINFORMED PERSONS AND ANIMALS.**
- Although this vaccine has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of reasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.

### PRECAUTIONS

- Observe aseptic precautions. Ensure that vaccination equipment (needles, syringes, etc.) are clean and sterile prior to use by boiling for at least 20 minutes. Do not use alcohol or other disinfectants to clean needles.
- Ensure that all equipment is kept clean and sterile during vaccination.
- Repeated exposure may cause allergic disorders. Wash hands after use.

### DIRECTIONS FOR USE - USE ONLY AS DIRECTED

Shake before and during use.

- Before vaccination, the site of vaccination may be cleansed by swabbing with cotton wool dipped in antiseptic.
- Use needles of appropriate length and gauge i.e. 16-gauge 15 mm.

### DOSAGE

Administer 2 mL subcutaneously. The recommended site of injection is that used for routine injection in cattle i.e. under the skin in the neck.

### Vaccination Program

- It is recommended that cows should be vaccinated twice with a 2 mL subcutaneous injection 3 to 4 weeks apart.

- A booster dose is given every 12 months.
- For colostrum protection, vaccinate pregnant cows approximately 8 and 3 weeks before calving.
- Calves should be fed colostrum from vaccinated cows for at least 5 days after birth.

### **Herd Management**

In addition to vaccination with **Bovilis® S**, the following management techniques should be employed:

- Calves should be fed colostrum from vaccinated dams mixed at a rate of 10 % diluted with milk replacer for up to 5 days after birth.
- Maintain adequate levels of hygiene throughout the farm and minimise stressful situations.
- Good calf rearing practices are essential.

### **PRESENTATION**

Bottles of 20 mL en 100 mL

### **REGISTRATION HOLDER**

Intervet South Africa (Pty) Ltd.

20 Spartan Road, Spartan

1619, R.S.A

Tel: +27 (0) 11 923 9300

Fax: +27 (0) 11 974 9320

[www.msd-animal-health.co.za](http://www.msd-animal-health.co.za)

### **MANUFACTURER**

Intervet Australia (Pty) Ltd.

91 - 105 Harpin Street

Bendigo East, Victoria 3550

Australia

### **DATE OF PUBLICATION OF PACKAGE INSERT**

26 July 2011

## SLEGS VIR DIEREGEBRUIK

### BOVILIS® S

Reg. No. G3763 (Wet 36/1947)

Namibië Reg. Nr. V07/24.4/375 NS0

### INDIKASIES

'n Hulpmiddel in die beheer van beessalmonellose en paratifus in kalwers veroorsaak deur *Salmonella dublin* en *Salmonella typhimurium*. Na natuurlike uitdaging met *Salmonella*, mag geënte diere lige siekte ontwikkel maar sal nie die organismes afwerp nie.

### SAMESTELLING

**Bovilis® S** is 'n bivalente, dooie, heelsel entstof wat *Salmonella dublin* en *Salmonella typhimurium* antigene bevat. Elke 1 mL bevat 'n minimum van  $5 \times 10^8$  organismes van geïnaktiveerde *Salmonella dublin* en  $5 \times 10^8$  organismes van geïnaktiveerde *Salmonella typhimurium* met 0,1 mg tiomersal as 'n preserveermiddel.

### BERGING

- Berg tussen 2 °C en 8 °C.
- Moenie vries nie. **Gooi weg indien voorheen gevries.**
- Beskerm teen lig.

### WAARSKUWINGS

- **Onttrekkingsperiode:** Geen
- Slegs vir onderhuidse inenting.
- Vermy inenting van diere gedurende nat weer of onder stowwerige toestande.
- Toevallige self-inspuiting kan 'n ernstige plaaslike allergiese reaksie tot gevolg hê. Maak die area skoon met 'n gesikte ontsmettingsmiddel en raadpleeg 'n geneesheer.
- Vernietig enige ongebruikte entstof, leë entstofhouers asook wegdoenbare entstoerusting in ooreenstemming met plaaslike afvalbestuursregulasies.
- **HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS, ONINGELIGTE PERSONE EN DIERE.**
- Alhoewel hierdie entstof breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

### VOORSORGMAATREËLS

- Aseptiese voorsorgmaatreëls moet nagekom word. Daar moet verseker word dat alle inentingstoerusting (naalde, spuite ens.) skoon en steriel is voor gebruik deur dit te kook vir ten minste 20 minute. Moenie alkohol of ander ontsmettingsmiddels gebruik om naalde skoon te maak nie.
- Sorg dat alle toerusting skoon en steriel gehou word gedurende inenting.
- Herhaalde blootstelling mag allergiese toestande veroorsaak. Was hande na gebruik.

### GEBRUIKSAANWYSINGS - GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

Skud goed voor en gedurende gebruik.

- Voor inenting, mag die inentingsgebied skoongemaak word met watte wat in antiseptikum gedoop is.
- Gebruik naalde van gesikte lengte en maat d.w.s. 16 maat 15 mm.

### DOSIS

Dien 2 mL onderhuids toe. Die aanbevole plek van inspuiting is die wat gebruik word vir roetine inspuiting van beeste d.w.s. onder die vel van die nek.

### **Inentingprogram**

- Dit word aanbeveel dat beeste 2 keer met 'n 2 mL onderhuidse inspuiting geënt moet word met 'n 3 tot 4 weke tussenpose.
- 'n Skraagdosis moet elke 12 maande gegee word. Vir kolostrumbeskerming, ent dragtige koeie omtrent 8 en 3 weke voor kalwing.
- Kalwers moet kolostrum van geënte koeie vir ten minste 5 dae na geboorte gevoer word.

### **Kuddebestuur**

Buiten inenting met **Bovilis® S**, moet die volgende bestuurtegnieke gevolg word:

- Kalwers moet kolostrum van geënte koeie, gemeng teen 'n verhouding van 10 %, verdun met melk vervanging, vir ten minste 5 dae na geboorte gevoer word.
- Handhaaf goeie standarde van higiëne op die plaas en verminder toestande wat stres veroorsaak.
- Goeie kalwergrootmaak praktyke is noodsaaklik.

### **AANBIEDING**

Bottels van 20 mL en 100 mL.

#### **REGISTRASIEHOUER**

Intervet South Africa (Pty) Ltd.  
Spartanweg 20, Spartan  
1619, RSA  
Tel: +27 (0) 11 923 9300  
Faks: +27 (0) 11 974 9320  
[www.msd-animal-health.co.za](http://www.msd-animal-health.co.za)

#### **VERVAARDIGER**

Intervet Australia  
91 - 105 Harpin Street  
Bendigo, Victoria 3550  
Australia

### **DATUM VAN PUBLIKASIE VAN VOUBILJET**

16 April 2007